

AFDELING CUL01

KOMMERSIËLE SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID

CUL1.1

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID DEFINISIES

Die definisies wat in hierdie afdeling gebruik word.

Die Versekerde	Die polishouer genoem in die skedule. Hierna verwys as 'jy' / 'jou'.
Besering	Dood, besering, siekte (geestelik of liggaamlik), ongesteldheid, wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van of aan enige persoon.
Besigheid	Jou besigheid en sakebedrywighede, wat as ingesluit in die skedule van hierdie afdeling genoteer is.
Besoedeling	Die afskeiding, uittating, vrylating, verspreiding, wegdoening, deursypeling of ontsnapping van vaste, vloeibare of gasagtige of termiese besmetters of prikkelmiddels insluitende dampe, reuke, stanke, vogtigheid, walms, rook, roet of ander lugpartikels, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander emissies van afval of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of liggaam van water.
Koste en uitgawes	Koste, uitgawes en regsonkoste verhaalbaar van die jou deur 'n eiser of enige aantal eisers of aangegaan deur ons of aangegaan deur jou met ons vooraf skriftelike toestemming: a) in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie afdeling van die polis of enige handeling of vervolging wat teen jou aanhangig gemaak word met betrekking tot Besering of Skade of ander aanspreeklikheid soos verseker in terme van hierdie afdeling van die polis. b) in die verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ongeluksnavraag met betrekking tot Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak en/of in die verdediging van enige verrigtinge in 'n Hof met toepaslike jurisdiksie met betrekking tot aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak.
Kwaadwilligheid	Kwaadwillige regsproses, kwaadwillige onwaarheid, laster of skending van kopiëreg, titel, leuse of idee.
Nalatige advies	Verkeerde of onvoldoende advies verstrek in die bevordering van jou produkte, maar sonder die verwagting of ontvangs van enige ander vergoeding.
Produk	Enige artikel, nadat dit jou toesig of beheer verlaat het, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, voorsien, versprei, behandel, gedien, versien of herstel word deur of namens jou.
Onderliggende versekering	sal beteken dekking wat van krag is ten opsigte van: a) die Gemeenregtelike Aanspreeklikheid afdeling van hierdie polis of; b) Motor derdeparty-aanspreeklikheid soos verseker ingevolge die Motor afdeling van hierdie polis; of c) enige aanspreeklikheids-uitbreiding op enige afdeling van hierdie polis wat dekking vir eiendom verleen, insluitende die Geboue Omvattend afdeling; insluitende enige uitbreidings tot die Onderliggende Versekering in a) tot c) hierbo soos in die skedule van hierdie afdelings as ingesluit vermeld. Waar dekking vir die uitbreiding tot die Onderliggende Versekering nie ingesluit is nie, word geen dekking toegestaan vir daardie uitgebreide dekking deur enige van die Skadeloosstellingsgrondslae van hierdie Sambreel Aanspreeklikheid afdeling nie.
Skade	Verlies van of skade aan tasbare eiendom, toe-eiening, oortreding, hinder of onregmatige aantasting van die besit van regte op tasbare eiendom.

CUL1.2

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID BYBETALING

Die eerste bedrag deur jou betaalbaar.

Bybetaling

Die vergoeding aan jou betaalbaar is beperk tot die bedrag in die skedule gespesifiseer minus enige bybetaling, ook na verwys as 'eerste bedrag betaalbaar'.

Jy is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar soos uiteengesit in die skedule en **Aanhangsel A**, ten opsigte van enige eis of aantal eise voortspuitend uit 'n reeks gebeurtenisse wat die gevolg is of toeskryfbaar is aan enige bron of oorspronklike oorsaak. Die voorwaardes van hierdie klousule sal van toepassing wees op alle eise om skadevergoeding en kostes en uitgawes deur jou aangegaan.

CUL1.3

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID DEKKING

Jy is gedek vir verlies van of skade aan eiendom / besering veroorsaak deur die volgende versekerde gebeurtenisse.

Versekerde gebeurtenisse

1. Versekerde gebeurtenisse

Skadevergoeding wat jy regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van Besering, Skade of Nalatige advies, wat op of ná die intreedatum van hierdie afdeling en in die loop van of in verband met die besigheid vermeld in die skedule plaasvind binne die gebiedsperke, wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk van hierdie afdeling skriftelik teen jou ingestel word.

Skadeloosstellingsperk

2. Skadeloosstellingsperke

- A) Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die laagste van die Skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule of die bedrag in **Addendum B** oorskry nie.
- B) Waar meer as een versekeringstydperk van hierdie polis van toepassing mag wees op 'n oorspronklike oorsaak of bron, opvolgend tot die hernuwing of vervanging daarvan, sal ons aanspreeklikheid beperk wees tot die maksimum Skadeloosstellingsperk vir enige enkele sodanige versekeringstydperk. Indien die premie maandeliks deur middel van debietorder betaal word, word die woord "versekeringstydperk" verander om te lees "vir enige enkele tydperk van 12 (twaalf) agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum".
- C) Waar jy, bykomend tot hierdie afdeling, in jou individuele naam verseker is ingevolge die Persoonlike Aanspreeklikheid afdeling van hierdie polis, sal ons die besigheid en individu apart, en nie gesamentlik nie, skadeloos stel, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid hoogstens die som sal beloop van die Skadeloosstellingsperk wat in die skedule vermeld word vir die Persoonlike Regsaanspreeklikheid afdeling, of alternatiewelik, die som van die Skadeloosstellingsperk van die Gemeenregtelike Aanspreeklikheid afdeling en Kommersiële Sambreel Aanspreeklikheid afdeling, watter ookal die hoogste is.

Gebiedsperke

3. Gebiedsperke

- A) Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met:
 - a) enige besigheid wat deur jou beoefen of bedryf word op of vanaf 'n perseel geleë buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Eswatini, Zimbabwe en Malawi; of
 - b) enige kontrak vir werksverrigtinge buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Eswatini, Zimbabwe, Zambië en Malawi; of
 - c) enige uitspraak, toekenning of skikking binne enige land wat onderworpe is aan die wette van die Verenigde State van Amerika, Kanada of Australië nie (of onderhewig is aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking, ten volle of gedeeltelik uit te voer).

CUL1.4

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID SKADELOOSSTELLINGS-GRONDSLAG

Die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling verskaf skadeloosstelling soos omskryf ingevolge die onderstaande:

Grondslag 1: Oorskotlaagdekking

1. Grondslag 1 - Oorskotlaagdekking (indien in die skedule as ingesluit vermeld)

- A) Hierdie grondslag verleen skadeloosstelling binne die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling waar die eis gedek is deur die terme van die Onderliggende Versekering, maar slegs tot die mate waarin die eis nie deur sodanige Onderliggende Versekering aangespreek word nie alleenlik weens die ontoereikendheid van die onderliggende skadeloosstellingsperk, met dien verstande dat:
- die dekking verskaf deur die Oorskotlaagdekking onderhewig is aan dieselfde terme, uitsluitings en voorwaardes as die Onderliggende Versekering;
 - die Oorskotlaagdekking skadeloosstelling verskaf in oorskot bo die skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule met betrekking tot die Onderliggende Versekering, behalwe waar sodanige skadeloosstellingsperk verminder of uitgeput is vanweë eise, in welke geval hierdie versekering in oorskot van die Eerste Bedrag Betaalbaar (indien enige) van die Onderliggende Versekering betaal;
 - indien die skadeloosstellingsperk van die Onderliggende Versekering deur vorige eise uitgeput is, sal ons hierdie afdeling interpreteer asof die Onderliggende Versekering steeds van krag was;
 - indien die Onderliggende Versekering meld dat in die algemeen of ten opsigte van gespesifiseerde eise die skadeloosstellingsperk die totaal is van alle skadeloosstelbare eise wat plaasvind of ingestel word gedurende die versekeringstydperk van die Onderliggende Versekering, word dit verklaar dat die skadeloosstellingperk ingevolge hierdie afdeling op 'n identiese grondslag as die Onderliggende Versekering is.

Grondslag 2: Verskil in Voorwaardes-dekking

2. Grondslag 2 – Verskil in Voorwaardes-dekking (indien in die skedule as ingesluit vermeld)

- A) Hierdie Grondslag verskaf skadeloosstelling binne die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling waar die eis binne die Omskrewe Gebeurtenisse van die Onderliggende Versekering val, maar waar sodanige eis afgewys word weens 'n polistern, -voorwaarde of -uitsluiting van die Onderliggende Versekering, met dien verstande dat:
- waar 'n eis nie onder die Onderliggende Versekering gedek is nie weens 'n uitsluiting in die Onderliggende Versekering, maar gedek kon gewees het deur 'n opsionele uitbreiding in die Onderliggende Versekering (soos gelys in die skedule), sal hierdie Grondslag 2: Verskil in Voorwaardes-dekking dan nie in werking tree nie;
 - indien 'n eis ingevolge die Omskrewe Gebeurtenisse van die Onderliggende Versekering gedek word, maar sodanige Onderliggende Versekering deur ander eise uitgeput is en waar, na ons mening, sodanige eis deur die Onderliggende Versekering uitgesluit sou gewees het op grond van 'n bepaling, uitsluiting of voorwaarde, sal die voorbehoudsbepalings van hierdie Verskil in Voorwaardes-dekking van toepassing wees (buiten waar 'n opsionele uitbreiding beskikbaar was om die dekking ingevolge die Onderliggende Versekering, soos omskryf onder a) hierbo, in te sluit);
 - ons volg die bepalinge van die Omskrewe Gebeurtenisse van die Onderliggende Versekering om die grondslag te bepaal waarvolgens jy deur hierdie klousule van hierdie afdeling skadeloos gestel word, synde ten opsigte van eise wat teen jou ingestel word gedurende die geldigheid van hierdie afdeling volgende op Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige Advies (Eise Ingestel-grondslag);
 - hierdie Verskil in Voorwaardes-dekking verleen nie skadeloosstelling indien 'n eis deur die bewoording van die Onderliggende Versekering uitgesluit word nie, tensy 'n eis deur die Onderliggende Versekering uitgesluit word:
 - uitsluitlik op grond daarvan dat die Besering of Skade nie toevallig van aard was nie of dat dit nie uit 'n ongeval voortgespruit het nie;
 - uitsluitlik op grond daarvan dat tydelike verlies aan gebruik van eiendom of vermindering in waarde van eiendom nie ingevolge die Omskrewe Gebeurtenisse van die Onderliggende Versekering skadeverteenwoordig nie.

Grondslag 3: Bykomende Risiko's- dekking

3. Grondslag 3: Bykomende Risiko's dekking (indien in die skedule as ingesluit vermeld)

- A) Hierdie grondslag verskaf skadeloosstelling waar die eis buite die omvang van die Omskrewe Gebeurtenisse van enige van die Onderliggende Versekering val, maar binne die omvang van die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling, met dien verstande dat:
- 'n eis nie die onderwerp van skadeloosstelling deur enige ander versekeringspolis is nie, is nie gedek of kan nie gedek word nie (hetsy ten volle of gedeeltelik) deur die Oorskotlaagdekking of die Verskil in Voorwaardes-dekking en val binne die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling;
 - die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling ten opsigte van dekking wat deur die Bykomende Risiko's-dekking verleen word, beperk word tot die totaal van alle eise ingestel gedurende die versekeringstydperk van hierdie afdeling (indien die premie maandeliks deur middel van debietorder betaal word, word die woord "versekeringstydperk" verander om te lees "enige enkele tydperk van 12 (twaalf) agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum");
 - geen skadeloosstelling deur die Bykomende Risiko's-dekking verleen word nie indien ons weier om skadeloosstelling te verleen ingevolge die Onderliggende Versekering ten opsigte van 'n eis op die basis dat die Besering, Skade, Kwaadwilligheid, Nalatige Advies of gebeurtenis nie plaasgevind het nie of die eis nie gedurende die versekeringstydperk ingestel is nie (na gelang van die geval).

CUL1.5

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID UITBREIDINGS

Bykomende versekerde

1. Bykomende versekerde

- A) Ons stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:
- in die geval van jou dood, enige van jou persoonlike verteenwoordigers ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur jou opgeloop is;
 - enige van jou vennote of direkteure of werknemers (indien jy dit so versoek) teen enige eis waarvoor jy op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;
 - in diemate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en **Algemene Uitsluiting 4. Kontraktuele aanspreeklikheid** desnieteenstaande), en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat genoem word in enige kontrak wat jy vir die doeleindes van die Besigheid aangaan;
 - ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale- of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan jou behoort of deur jou tot stand gebring is tot voordeel van jou werknemers:
 - enige beampte of lid daarvan;
 - enige besoekende sportspan of lid daarvan.
- B) Met dien verstande dat:
- ons totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in die skedule vermeld word;
 - enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is, nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;
 - die skadeloosstelling ingevolge A)a), A)b) en A)c) hierbo slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor jy op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen jou ingestel was.
- C) Vir die doel van hierdie uitbreiding, doen ons afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat ons mag hê of wat ons mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees insowêre dit van toepassing mag wees.

Kruisaanspreeklikhede

2. Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een Versekerde in die skedule genoem word, stel ons elke Versekerde afsonderlik en nie gesamentlik skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, sal hanteer word asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid hoogstens die Skadeloosstellingsperk vermeld in die skedule beloop. Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige eise wat verband hou met brand (of verspreiding van brand) soos mag voortspruit tussen elke persoon of party wat as versekerde in die skedule genoem is.

CUL1.6

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID SPESIFIEKE VOORWAARDES

Spesifieke klousules, voorwaardes en waarborge wat op hierdie afdeling van toepassing is.

Jurisdiksie	1. Jurisdiksie A) Enige dispuut tussen ons en jou in verband met of wat voortspruit uit hierdie afdeling sal uitsluitlik ooreenkomstig die Wette van die Republiek van Suid-Afrika geskik word en uitsluitlik in 'n bevoegde hof van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika. B) Jy onderneem om nie aksie teen ons te onderneem of 'n gesamentlike geding teen ons aanhangig te maak in die Hof van enige land buiten die Republiek van Suid-Afrika nie.
Likwidasie of sake-redding	2. Likwidasie of sake-redding A) Die versekering ingevolge hierdie afdeling sal gestaak word indien die Besigheid: a) tot 'n einde gebring word; b) in sake-redding geplaas word of deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder oorgeneem word; of c) permanent beëindig word, behalwe as ons skriftelik daartoe instem.
Ander versekering	3. Ander versekering A) Indien daar, ten tyde van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding gee, ook skadeloosstelling verleen word deur enige ander versekering, behalwe 'n polis wat spesifiek bedoel is om skadeloosstelling in oorskot bo hierdie polis te verleen, dra die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word nie saam met sodanige versekering by nie. B) Die bepalings van hierdie voorwaarde sal geld nieetenaande die feit dat voormelde polis vernietigbaar is of dat ons daarop geregtig is om skadeloosstelling nietig te verklaar ten opsigte van 'n voorval wat tot 'n eis ingevolge sodanige ander polis aanleiding gegee het.
Onderliggende versekering van krag	4. Onderliggende versekering van krag Dit is 'n voorwaarde van die skadeloosstelling wat hierdie afdeling verleen dat die Onderliggende Versekering (soos omskryf) vir die volle versekeringstydperk van hierdie afdeling van krag bly.

CUL1.7

SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

Ons sal jou nie ten opsigte van die volgende skadeloos stel nie.

Spesifieke uitsluitings wat op **ALLE** vergoedingsbasisse van toepassing is

Spesifieke uitsluitings: Alle vergoedingsgrondslae	1. Spesifieke uitsluitings – alle vergoedingsgrondslae A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van: a) boetes, strafvoltagekings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding; b) aanspreeklikheid met betrekking tot: 1. besering, Skade of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur Besoedeling; 2. die koste om stowwe wat uit Besoedeling voortspruit, te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak; c) enige Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige Advies wat plaasvind voor die aanvangsdatum van hierdie afdeling nie; d) aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige omstandigheid of gebeurtenis wat aan jou bekend is en: 1. wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 1.4.6 Eise aan ons gerapporteer word nie; en/of 2. wat die intreedatum van hierdie afdeling voorafgaan;
---	--

- e) aanspreeklikheid volgende op Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige Advies wat voortspruit uit enige moedswillige, bewustelike of doelbewuste verontagsaming van jou of jou bestuur om die nodige en redelike voorsorgmaatreëls te tref om enige gebeurtenis of omstandigheid wat tot 'n eis aanleiding mag gee, te voorkom;
- f) enige boete opgelê of strafvoltagekking opgeloop as gevolg van die pleging van 'n kriminele oortreding;
- g) enige voordele waarvoor jy ingevolge enige toepaslike werknemersvergoeding, werkloosheidsvergoeding of ongesiktheidsvoordelewetgewing en/of soortgelyke wetgewing en/of skema aanspreeklik is;
- h) soveel van enige vergoeding of eis as wat binne die omvang van enige verpligte motorvoertuigversekeringwetgewing val. Hierdie uitsluiting sal geld ongeag of versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of uitgeneem is, al dan nie;
- i) enige nodige kostes om enige Produk of gedeelte daarvan te herstel, te vervang, te vernuwe of te modifiseer en/of vir die verlies aan gebruik van enige Produk of enige gedeelte daarvan;
- j) enige aanspreeklikheid voortspruitende uit die onttrekking van enige Produk of enige gedeelte daarvan;
- k) enige aanspreeklikheid voortspruitende uit prestasiewaarborges of klousules wat likwiderende boetes of strafvoltagekkings stipuleer, behalwe in soverre dit bewys kan word dat sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van enige kontraktuele bepaling sou ontstaan het;
- l) enige aanspreeklikheid vir persoonlike Besering veroorsaak deur of waartoe bygedra is deur langdurige blootstelling aan stowwe, faktore of omstandighede uniek tot enige spesifieke diens of beroep;
- m) enige aanspreeklikheid vir motor balans van derdeparty aanspreeklikheid tensy sodanige aanspreeklikheid in oorskot van die Onderliggende Versekering is en daardeur skadeloos gestel word;
- n) enige aanspreeklikheid voortspruitende uit die vervoer van passasiers vir huur of vergoeding of die vervoer van reisgeld-betalende passasiers;
- o) aanspreeklikheid vir verlies of skade, insluitende nadelige verandering en enige nagevolge daarvan, aan enige elektroniese data;
- p) aanspreeklikheid vir enige onbillike arbeidspraktyk met inbegrip van, maar nie beperk nie, tot onregmatige afdanking binne die strekking van die Wet op Arbeidsverhoudinge Nr. 66 van 1995 soos gewysig, of enige Wet wat as vervanging daarvan gepromulgeer word;
- q) Besering of Skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige goedere of Produkte deur jou verkoop of verskaf of na jou bestelling, indien sodanige goedere of Produkte, na jou wete, na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is deur of namens jou of indien sodanige verkoop of herverkoop redelikerwys deur jou verwag kon gewees het;
- r) enige aanspreeklikheid wat spruit uit die vervoer van gevaarlike stowwe;
- s) aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige moedswillige of doelbewuste handeling deur jou, enige van jou werknemers of enige persoon waarvoor jy middellik aanspreeklik sou wees;
- t) handelinge, foute of weglatings van jou direkteure of beamptes terwyl in sodanige hoedanigheid opgetree word, of in die voorsiening van professionele dienste deur jou, wat die verstrekking van advies, enige handeling geneem of werk deur jou onderneem in die loop van jou onderneming in enige hoedanigheid wat spesiale vaardigheid of kennis vereis, of die versuim om enige verpligtinge op grond daarvan te onthef, insluit. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op Nalatige Advies nie;
- u) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verspreiding van brand na enige veld of bos vanaf persele wat deur jou besit, gebruik, gehuur of gebruikhuur word, tensy jy ten tye van die brand voldoen aan die regulasies van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande No. 101 van 1998 (soos gewysig of enige Wet wat in vervanging daarvan uitgereik is) met betrekking tot die perseel van waar die brand versprei het;
- v) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verspreiding van brand na enige suikerriet-, boord- of bosbouplantasies vanaf persele wat deur jou besit, gebruik, gehuur of gebruikhuur word
- w) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die bars of oorloop van enige dam;
- x) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit Produkte wat bestem is om geïnstalleer te word en geïnstalleer is in, of bestem is om deel te vorm en deel vorm, van 'n lugvaartuig;
- y) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige defek in enige Produk of enige gedeelte daarvan waarvan jy bewus was voor die inwerkingtreding van hierdie afdeling;

- z) enige eis of eise, of dit werklik of beweer is, hoe ook al dit voortspruit in verband met of gebaseer op of voortspruitend uit of op enige manier werklike of beweerde onregmatige kompetisie, onregverdige praktyke, misbruik van monopolie-mag of kartel aktiwiteite insluit of wat andersins mag voortspruit uit of gebaseer is op of verband hou met enige verbreking van 'n bepaling van die Kompetisiewet No. 89 van 1998 (soos gewysig of enige Wet wat in vervanging daarvan uitgereik is) of enige soortgelyke bepaling, wet of regulasie soos wat van krag mag wees in enige jurisdiksie of land waarin jou aanspreeklikheid ontstaan;
- aa) enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit Skade aan eiendom in jou sorg, bewaring of beheer waar jy of enige van jou werknemers betaling ontvang vir die berging van sodanige eiendom as deel van jou Besigheid;
- bb) enige aanspreeklikheid wat spesifiek in die skedule van die Onderliggende Versekering uitgesluit is.
- cc) enige vorm van streng aanspreeklikheid, insluitend betreding van diere (soos omskryf in die onderliggende versekering);
- dd) enige aanspreeklikheid wat spesifiek in die Algemene Uitsluitings van hierdie polis uitgesluit word, nie.

Bykomende spesifieke uitsluitings wat slegs van toepassing is op **GRONDSLAG 2: Verskil in Voorwaardes-dekking** en and **GRONDSLAG 3: Bykomende Risiko-dekking**

Bykomende spesifieke uitsluitings: Grondslae 2 en 3

2. Bykomende spesifieke uitsluitings – grondslae 2 en 3

- A) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van:
 - a) enige aanspreeklikheid vir of wat voortspruit uit die eienaarskap, huurkoop of verhuring van enige lugvaartuig, watervaartuig of sweefboot (behalwe watervaartuie waarvan die lengte nie 15meter oorskry nie en alleenlik terwyl op binnelandse waterweë) deur of namens jou;
 - b) enige aanspreeklikheid vir of wat voortspruit uit die herstel, instandhouding, hervulling of ontlading van brandstof van enige lugvaartuig, watervaartuig of sweefboot wat deur of namens jou teen vergoeding onderneem word;
 - c) sydeling, besoedeling of kontaminasie synde die natuurlike gevolg van die bedryf of bestaan van die Besigheid;
 - d) Skade aan eiendom in jou besit, deur jou gehuur of verhuur, of onder bruikhuur of op leen aan jou of andersins onder jou sorg, bewaring of beheer buiten persele (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur jou geokkupeer word vir die doel van werk daarin, of ander eiendom tydelik in jou besit vir werk daaraan (maar geen skadeloosstelling word verleen ten opsigte van Skade aan die eiendom waaraan jy werk en wat uit sodanige werk voortspruit nie);
 - e) enige aanspreeklikheid waar die skadeloosstelling beskikbaar is ingevolge die Onderliggende Versekering deur middel van 'n opsionele uitbreiding en waar dit in die Onderliggende Versekering aandui dat die opsionele uitbreiding as "nie ingesluit nie" in die skedule van sodanige Onderliggende Versekerde vermeld word.

AANSPREEKLIKHEID BYBETALINGS

Afdeling CUL01: Sambreel Aanspreeklikheid

1. Grondslag 1: Oorskotlaagdekking	
a) Ieder en elke eis	a) R2 500
b) Aanjaag van vee	b) 10% van bruto eis
c) Afdwaal van vee	c) 10% van bruto eis
Indien in die Onderliggende Versekering ingesluit is:	
d) Defektiewe vakmanskap	d) 10% van bruto eis
e) Produk aanspreeklikheid	e) 10% van bruto eis
f) Besmetting van melk	f) 10% van bruto eis
g) Verspreiding van brand na veld/woude	g) R50 000
2. Grondslag 2: Verskil in Voorwaardes-dekking	R50 000 per gebeurtenis
3. Grondslag 3: Bykomende Risiko-dekking	R50 000 per gebeurtenis

AANSPREEKLIKHEID PERKE

Afdeling CUL01: Sambreel Aanspreeklikheid

UL1.4 SAMBREEL AANSPREEKLIKHEID VERGOEDINGSGRONDSLAG

Alle vergoedingsgrondslae	
a) 3de party motor aanspreeklikheid	R15 000 000 per gebeurtenis
Grondslag 1: Oorskotlaagdekking	
a) Enige uitbreiding wat in die Persoonlike Aanspreeklikheid afdeling ingesluit is	R100 000 per gebeurtenis
b) Werkgewers aanspreeklikheid	R5 000 000 per gebeurtenis
c) Onregmatige arrestasie of laster	R5 000 000 per gebeurtenis
d) Watervaartuigaanspreeklikheid	R5 000 000 per gebeurtenis
Grondslag 2: Verskil in Voorwaardes-dekking	
Bykomend tot die perke ingevolge Grondslag 1 hierbo:	
a) Hinder of onregmatige aantasting van die besit van regte op tasbare eiendom	R5 000 000 per gebeurtenis
b) Wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van of aan enige persoon	R5 000 000 per gebeurtenis
c) Kwaadwilligheid	R5 000 000 per gebeurtenis
d) Nalatige advies	R5 000 000 per gebeurtenis
Grondslag 3: Bykomende Risiko-dekking	
Bykomend tot die perke ingevolge Grondslag 1 hierbo:	
a) Hinder of onregmatige aantasting van die besit van regte op tasbare eiendom	R5 000 000 per gebeurtenis
b) Wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van of aan enige persoon	R5 000 000 per gebeurtenis
c) Kwaadwilligheid	R5 000 000 per gebeurtenis
d) Nalatige advies	R5 000 000 per gebeurtenis